Woensdag **6 November**

**Skrifgedeelte: Filippense 1:12 – 2:11**

**Fokusgedeelte: Filippense 1:12 – 2:11; HK, Vraag 42**

**Waarom sterwe?**

Daar is sulke egte lewensvrae in die Kategismus, vrae uit die hart. Soos hierdie een: “As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?” Want gelowiges sterf ook en sommige sterf swaar, ná baie lyding.

Tog mag ons die dood in ’n nuwe lig sien, omdat Jesus Christus se dood vir ons ’n beslissende verandering gebring het. Ons dood is nie meer ’n betaling vir ons sondes nie – dit is die eintlike verandering. Die angel is vir ons uit die dood gehaal. Die dood is nie meer vir ons die geestelike en ewige dood nie. Die dood is vir ons ook die finale afsterwe van die sondes. Hier op aarde kry ons nooit klaar met die sonde nie. Ons word nie hier volmaak nie en daar kom nie ’n punt in ons lewe waar ons kan sê dat die sonde heeltemal agter ons lê nie. Maar die dood is die definitiewe breuk met die sonde, vir altyd!

Wat ’n heerlike vooruitsig! Waar die dood ons wel skei van die sonde, beteken dit nie skeiding van God nie. Inteendeel, dit is ’n deurgang tot die ewige lewe. Om te sterf, is vir ons ’n wins en ’n by-die-Here-wees!

*Sing: Skrifberyming 5-4:5, 6*

*Dr. F (Frans) van der Walt (Emeritus)*